

Bib.


23 / 88

Sake Nommers 543/86

544/86

545/86

D du p.



IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die sake tussen:

1. PHILA NGQUMBA AND ANOTHER Appellante
and
THE STATE PRESIDENT AND THREE OTHERS ... Respondente
2. ADAM DAMONS N.O. AND TWO OTHERS Appellante
and
THE STATE PRESIDENT AND THREE OTHERS ... Respondente
3. COLIN ABRAHAM GODFREY JOOSTE Appellant
and
THE STATE PRESIDENT AND THREE OTHERS ... Respondente.

Coram: RABIE WND HR, JOUBERT, VILJOEN, HEFER et

VIVIER, ARR.

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

24 November 1987.

25 Maart 1988.

U I T S P R A A K

RABIE WND HR:

Dit is 'n appèl teen die beslissing van die Oos-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof wat drie aansoeke, wat saam verhoor is, met koste afgewys het. Die uitspraak van die hof a quo (per Kannemeyer R, met wie Jennett R en Jones R saamgestem het) is gerapporteer: kyk Nqumba and Others v. State President and Others 1987

(1) SA 456 (OK). (Die spelling "Nqumba" is foutief; dit moet Ngqumba wees.)

Die aansoeke was gerig op die vrylating van persone wat in aanhouding verkeer het nadat daar teen hulle opgetree is ingevolge die bepalings van regulasie 3(1) en 3(3) van die regulasies wat die Staatspresident ingevolge

die/.....

die bepalings van art. 3(1)(a) van die Wet op Openbare
 Veiligheid, No. 3 van 1953, op 12 Junie 1986 in Proklamasie
 R 109 uitgevaardig het. Soos op 458 van die hofverslag
 gesê word, is die hof a quo in al drie die aansoeke gevra
 om 'n bevel uit te reik waarvolgens -

- "1. The matter is dealt with as one of urgency
 in terms of Rule 6(12);
2. regs 3(1) and 3(3) of the emergency regula-
 tions proclaimed in Government Gazette 10280
 of 12 June 1986 are declared invalid;
3. the arrest of each of the applicants is
 declared unlawful;
4. the detention of each of the applicants is
 declared unlawful;
5. the third respondent is directed to secure
 the release of each of the applicants from
 custody forthwith;
6. alternatively to 2,3,4 and 5,
 the third respondent is directed to furnish
 his written reasons for the continued de-
 tention of the applicants within four days
 of service of any order made herein and to
 hear and consider submissions made there-
 after by the applicants for the termination

of their detention;

7. the third respondent is ordered to pay
the costs of this application."

In twee van die aansoeke is die hof ook gevra om te beveel
dat beter slaapgeriewe en voedsel aan die betrokke aan-
gehouenes voorsien moet word. Dié aangeleentheid is in
die loop van die verhoor van die aansoeke deur die partye
opgelos en die hof moes daarna net 'n kostebevel in verband
daarmee gegee het. Dit is per incuriam nie gedoen nie.

In die eerste van die drie aansoeke was daar
twee applikante, nl. Phila Ngqumba en Prince Mhamhe.

In die tweede aansoek was daar drie applikante. Die
eerste was Adam Damons, wat die vrylating van sy minder-
jarige seun, Gareth Damons, aangevra het. Die ander twee

aplikante/.....

applikante, Mxolisi Jackson Fuzile en Brian Osteridge, was aangehouden. In die derde aansoek het Colin Abraham Godfrey Jooste om sy vrylating aansoek gedoen. In elk van die drie aansoeke was die eerste drie respondente onderskeidelik die Staatspresident, die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Minister van Wet en Orde. In al drie die aansoeke is die bevelvoerende offisier van die polisie-stasie of gevangenis waarin die betrokke gevangene(s) in aanhouding was ook as respondent gesit.

Nadat die hof a quo die aansoeke afgewys het, het die appellante hom om verlof gevra om na hierdie hof te appelleer. Die aansoek is op nege gronde gedoen. Dieselfde drie regters wat die aansoeke verhoor het, het in

n/.....

'n skriftelike uitspraak (per Kannemeyer R) aan die appellante
verlof verleen om op drie van daardie gronde te appelleer.

Verlof om op die ander gronde te appelleer, is geweier.

By die aanvang van die appèl in hierdie hof is daar

namens die appellante betoog (soos daar/^{ook}in hulle skriftelike

betoogpunte betoog is) dat die bevel wat aan hulle verlof

verleen het om na hierdie hof te appelleer, inhou dat hulle

op al die gronde, d.w.s. ook dié waarop verlof om te

appelleer geweier is, kon appelleer. Die kern van die

betoog was dat wanneer 'n appellant appelleer, hy teen die

hof se bevel appelleer en nie teen sy uitspraak of die

redes vir sy bevel nie, en dat wanneer 'n hof verlof ver-

leen/.....

leen om teen sy bevel te appelleer, dit inhou dat die appellant op enige grond kan steun. Die hof se bevinding oor die gronde waarop hy verlof om te appelleer geweier het, lui die betoog, is dan van bloot akademiese belang. Die advokaat vir die respondente het in sy skriftelike betoogpunte met die appellante se mening oor hierdie aangeleentheid saamgestem. Ons was egter nie daarvan oortuig dat die advokate se mening juis was nie en het, nadat ons hulle aangehoor het, beslis dat dit die appellante nie vrygestaan het om te appelleer op die gronde waarop die hof a quo hulle nie wou toelaat om te appelleer nie. Ons het egter aangedui dat die appellante hierdie hof om verlof sou kon vra om ook op daardie gronde te appelleer. Hulle het dit toe ook gedoen.

Daar/.....

Daar is tevore al deur hierdie hof gesê dat verloff om te appelleer tot sekere gronde beperk kan word en dat, wanneer dit gedoen word, die appèl tot daardie gronde beperk is. In R v Jantjies 1958(2) SA 273 (A) op 275 A-B het Schreiner AR in hierdie verband gesê:

"When leave to appeal is granted the leave may be limited, so as to allow only particular grounds of appeal to be advanced. This was done, for instance, in R.v. Mgxwiti, 1954 (1) S.A. 370 (A.D.) - see p. 374. But if leave to appeal is granted generally all issues may be canvassed (cf. R. v. Nzimande, 1957(3) S.A. 772 (A.D. at p. 774.)"

In S v Williams en 'n Ander 1970(2) SA 654(A) op 655 G het die hof na R v Jantjies, supra, verwys en opgemerk dat dit gemene saak tussen die partye was dat 'n appèl tot spesifieke gronde beperk kan word. In S v Sikosana 1980(4) SA 559 (A) op 563 A-B het hierdie hof (per Diemont AR), weer eens met 'n

verwysing na R v Jantjies. gesê:

" when leave is granted the leave may be limited so as to allow only particular grounds of appeal to be advanced, or leave may be granted generally so that all the issues may be canvassed.....".

In die onlangse beslissing van hierdie hof in S.v. Safatsa

and Others 1988 (1) SA 868 (A) op 877 B-D is weereens

bevestig dat verlof om te appelleer tot spesifieke

gronde beperk kan word.

Die beslissings waarna ek hierbo verwys het

as gesag vir die stelling dat verlof om te appelleer tot

spesifieke gronde beperk kan word, was almal strafsake,

maar/.....

maar dit is nie 'n aanduiding dat die posisie in siviele sake anders is nie. In beginsel is daar geen rede waarom 'n hof, wanneer hy verloff gee dat geappelleer kan word, die gronde van appèl in 'n strafsak sou kon beperk, maar nie in 'n siviele saak nie.

Soos ek hierbo gesê het, het die appellante hierdie hof versoek om hulle toe te laat om ook op dié gronde te appelleer waarop die hof a quo verloff geweier het. Nadat die advokate aangehoor is, het ons verloff

verdere

gegee dat op drie/gronde geappelleer kan word. Die gevolg is dat aan die appellante verloff verleen is om op die ses gronde wat ek direk hierna sal uiteensit, en wat

ek/.....

ek geriefshalwe van 1 tot 6 nommer, te appelleer. Gronde

1, 3 en 6 is dié wat die hof a quo toegelaat het, terwyl

gronde 2, 4 en 5 dié is waarop ons verlof verleen het.

Die gronde is:

1. "The Learned Judges erred in law in finding that Regulation 3(1) of the Regulations contained in Proclamation R 109 of 1986 promulgated in terms of section 3(1)(a) of the Public Safety Act No. 3 of 1953 ('the Act') ('the Emergency Regulations') was intra vires the State President, and more particularly in not holding that the regulation was void for vagueness, specifically by reason of failing to clarify
 - (a)
 - (b) how and by whom the period of detention, within the maximum limit of 14 days indicated in

Regulation/.....

Regulation 3(2), was to be determined."

2. "The Learned Judges erred in law and in fact in holding that the relevant members of the Police and/or the Minister had properly and adequately applied their minds to alternative courses of action, other than arrest and detention in terms of the Emergency Regulations, for the purpose of forming an opinion whether such arrest and detention were 'necessary' for any of the prescribed purposes".
3. "The Learned Judges erred in law and in fact in holding that, insofar as criteria for an extension decision by the Minister in terms of Regulation 3(3) could be implied, the Minister must be considered to have complied with such criteria, particularly in the light of the Minister's failure, despite specific challenge, to depose to or supply any admissible evidence showing
 - (a) that he had applied his mind to any of the cases under consideration and
 - (b) if so, what criteria, if any, he had taken into account."
4. "The learned Judges erred in law in holding that in circumstances where the onus of proof was on the Respondents and where there was a conflict of fact on the papers the allegations made by the Respondents were/.....

were to be accepted for the determination of such questions."

5. "The learned Judges erred in law in holding that the failure to inform a detainee of the reason for his arrest and detention as soon as practicable after the physical apprehension, or alternatively at least prior to the issue of a written detention order, did not vitiate the legality of the detention, depending on the facts of each case."
6. "The Learned Judges erred in failing, despite a specific request, to make an appropriate costs order in regard to the part of the proceedings which resulted in certain Applicants obtaining the relief they had sought concerning the supply of adequate and suitable food to them."

Die verskillende gronde van appèl word hier-
 onder behandel. Ek wil vooraf net sê dat ek aanvaar dat
 lesers van hierdie uitspraak bekend is met die inhoud
 van die uitspraak van Kannemeyer R in 1987(1) SA 456.
 Die feite met betrekking tot die drie aansoeke wat voor

die/.....

die hof a quo gedien het, blyk grotendeels uit die ge-

leerde regter se uitspraak en ek sal, behalwe waar/^{dit}nodig

of gerieflik is om dit te doen, nie herhaal wat reeds in

sy uitspraak gesê word nie. Ek wil ook byvoeg dat,

hoewel die appellante se stukke, en ook sommige van dié

van die respondente, in Engels opgestel is, sowel mnr De

Villiers, namens die appellante, as mnr Van der Merwe,

namens die respondente, die hof in Afrikaans toegesprek

het. Vandaar die feit dat hierdie uitspraak ook in

Afrikaans is.

Grond van appèl (1):

Die bepalings van art. 3(1)(a) van die Wet op

Openbare Veiligheid, No. 3 van 1953 (hierna "die

Wet/.....

Wet" genoem) en van regulasie 3(1), (2) en (3) van die

regulasies wat daarkragtens in bogemelde Proklamasie

R 109 van 12 Junie 1986 uitgevaardig is, is hier ter sprake.

Art. 3(1)(a) van die gemelde wet bepaal soos volg:

"3.(1)(a) Die Staatspresident kan in 'n gebied waarin die bestaan van 'n noodtoestand kragtens artikel twee verklaar is, en vir so lank die proklamasie wat die bestaan van so 'n noodtoestand verklaar, van krag bly, by proklamasie in die Staatskoerant die regulasies uitvaardig wat hy nodig of raadsaam ag om voorsiening te maak vir die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde, en om voldoende voorsiening te maak vir die beëindiging van so 'n noodtoestand, of om te handel met omstandighede wat na sy oordeel as gevolg van so 'n noodtoestand ontstaan het of waarskynlik sal ontstaan."

Reg. 3(1), (2) en (3) van die gemelde regulasies

lui/.....

lui soos volg:

"3.(1) 'n Lid van 'n Mag kan enige persoon wie se aanhouding na die oordeel van daardie lid nodig is vir die handhawing van die openbare orde, of die veiligheid van die publiek of daardie persoon self, of ter beëindiging van die noodtoestand, sonder lasbrief arresteer of laat arresteer, en kan so 'n persoon by wyse van 'n skriftelike bevel deur enige lid van 'n Mag onderteken, in bewaring in 'n gevangenis aanhou, of laat aanhou.

(2) Niemand word ingevolge subregulasie (1) vir 'n tydperk van langer as veertien dae vanaf die datum van sy aanhouding aangehou nie, tensy daardie tydperk deur die Minister kragtens subregulasie (3) verleng word.

(3) Die Minister kan, sonder kennisgewing aan enigiemand en sonder om enigiemand aan te hoor, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing deur hom onderteken en gerig aan die hoof van 'n gevangenis, gelas dat 'n persoon wat ingevolge subregulasie (1) gearresteer is en aangehou word, verder in daardie gevangenis aangehou word vir die tydperk in

die/.....

die kennisgewing vermeld, of vir solank hierdie Regulasies van krag is."

Die Minister na wie daar in reg. 3(3) verwys word, is

die Minister van Wet en Orde, en "Mag", soos in reg.3(1)

vermeld, is, volgens reg. 1(iv), die Suid-Afrikaanse

Polisie, die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag, die

Suid-Afrikaanse Weermag of die Gevangenisdiens.

Die appellante se betoog is, soos hierbo

aangedui, dat reg. 3(1) nietig is vanweë die vaagheid

daarvan deurdat dit nie duidelik bepaal hoe en deur wie

die tydperk van aanhouding tot 'n maksimum van 14 dae, soos in

reg. 3(2) vermeld, bepaal moet word nie. Die betoog is

onaanvaarbaar. Selfs indien aanvaar word dat 'n hof die bevoegdheid het om

reg.3(1) weens vaagheid nietig te verklaar (n aangeleent-

heid/.....

heid wooroor ek aanstons meer sal sê), is dit my mening dat daar geen vaagheid in die bepaling is wat tot sy nietigheid kan lei nie. Reg. 3(1) magtig 'n lid van 'n Mag om iemand wie se aanhouding na sy oordeel vir die handhawing van die openbare orde, of die veiligheid van die publiek, ens., nodig is, te arresteer of te laat arresteer, en hy kan dan so 'n persoon by wyse van 'n skriftelike bevel wat deur homself, of deur 'n ander lid van 'n Mag onderteken is, in 'n gevangenis laat aanhou. 'n Aanhouding wat op dié wyse bewerkstellig is, duur, volgens reg. 3(2), vir hoogstens 14 dae, tensy die Minister die tydperk verleng (reg. 3(3)). Volgens reg. 3(6) kan die Minister ook te eniger tyd gelas dat 'n persoon wat ingevolge reg. 3 aangehou word, vrygelaat word. Hy sou dus ook kon ge-

las dat iemand wat ingevolge reg. 3(1) aangehou word,
vóór die verstryking van 14 dae vrygelaat moet word. Die
antwoord op die appellant se betoog dat reg. 3(1) nie duide-
lik toon hoe of deur wie die duur van die
aanhouding bepaal word nie, is na my mening dus duidelik:
wanneer 'n lid van 'n Mag iemand arresteer of laat arres-
teer omdat hy van oordeel is dat die betrokke persoon se
aanhouding vir een of meer van die voorgeskrewe doel-
eindes nodig is, duur die aanhouding van so 'n persoon vir
14 dae, tensy die Minister die tydperk verkort, of verleng.
Ek vind in die regulasie niks wat enigsins die mening
regverdig dat, soos o.m. voor ons betoog is, die lid van 'n
Mag wat iemand arresteer, of laat arresteer, die taak,

of/.....

of die bevoegdheid, het om te bepaal vir hoe lank, binne

die tydperk van 14 dae, so 'n persoon aangehou moet word

nie. Die appellante het hulle beroep op die beslissing

in die saak Jaffer and Another v. Minister of Law and Order and Others

1986(4) SA 1027 (K). Die benadering van die hof (Berman R)

in daardie saak was, as ek dit reg verstaan, dat wanneer

'n lid van 'n Mag iemand arresteer omdat hy van oordeel is

dat die persoon se aanhouding vir een van die voorgeskrewe

doeleindes nodig is, hy moet besluit of aanhouding vir 14

dae nodig is en dat, indien hy nie daarvan oortuig is nie,

hy die persoon alleen vir daardie aantal dae kan laat aan-

hou wat hy nodig ag. (Kyk 1034 van die hofverslag.)

Soos/.....

Soos sal blyk uit wat ek hierbo gesê het, is hierdie benadering na my mening verkeerd. Die tydperk van aanhouding ingevolge reg. 3(1) is 14 dae, maar die Minister kan dit verkort (reg. 3(6)) of verleng (reg. 3(3)).

Ek het, soos hierbo aangedui, die vraag of reg. 3(1) weens vaagheid as nietig beskou moet word, bespreek in die veronderstelling dat 'n hof hom oor dié vraag kan uitspreek. Ek het dit gedoen omdat die respondente in die hof a quo, en ook weer in hierdie hof, aangevoer het dat 'n hof deur die bepalings van art. 5B van die Wet belet word om reg. 3(1) weens sy beweerde

vaagheid/.....

vaagheid nietig te verklaar. Art. 5B, wat deur art.

4 van Wet 67 van 1986 in die Wet ingevoeg is, lui, vir so-

ver relevant, soos volg:

"Geen interdik of ander prosesstuk word uitgereik vir die opskorting of nietigverklaring van ... enige regulasie kragtens artikel 3 uitgevaardig, ... en geen hof is bevoeg om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van enige sodanige ... regulasie nie."

Die respondente se betoog is, kort gestel, dat reg. 3(1)

binne die bevoegdheid van die Staatspresident, soos in art.

3(1)(a) van die Wet aan hom verleen, val; dat reg. 3(1)

dus kragtens art. 3(1)(a) van die Wet uitgevaardig is;

dat, selfs indien reg. 3(1) vaag sou wees, soos deur die

appellante beweer, daardie vaagheid nie afdoen aan die

feit/.....

feit dat dit kragtens art. 3(1)(a) van die Wet uitvaardig is nie en dat die hof dus deur art. 5B van die Wet belet word om hom oor die geldigheid van reg. 3(1) uit te spreek. Kannemeyer R het hierdie betoog in die hof a quo verwerp: kyk 462 D-G van die hofverslag. In die lig van my bevinding dat reg. 3(1) nie, soos deur die appellante beweer, weens vaagheid as nietig beskou kan word nie, is dit nie nodig om in te gaan op die vraag of die hof a quo se bevinding korrek was nie.

Grond van appèl (2):

Die betoog in die geval van hierdie grond van appèl lui dat die arrestasie van elk van die appellante ongeldig verklaar moet word omdat die oordeel van die

persoon/.....

persoon wat hom gearresteer het nie 'n oordeel was soos be-
doel in reg. 3(1) nie. Dit was nie so 'n oordeel nie, sê die
appellante, omdat die persone wat die arrestasies gedoen het
nie aangetoon het dat hulle voor-die-hand-liggende alterna-
tiewe optredes teen die appellante in plaas van hulle aan-
houding oorweeg het nie. Dieselfde betoog is ook in die
hof a quo gelewer. Dit is gegrond op 'n passasie in die
uitspraak van Marais R in die saak Dempsey v. Minister of
Law and Order and Others 1986(4) SA 530 (K) op 541 H- 542 C,
waar die geleerde regter die arrestasie van 'n non (suster
Harkin) deur ene kaptein Oosthuizen behandel het. Die be-
trokke passasie word in die uitspraak van Kannemeyer R
op 471 F-472 C aangehaal. Dit is onnodig om
dit weer volledig weer te gee, en ek haal slegs die

volgende/.....

volgende gedeelte daaruit aan waaruit die benadering van

Marais R m.i. voldoende blyk:

"As he (d.w.s. kapt. Oosthuizen) saw it, she had been guilty of unlawful conduct of the kind described by him and had interfered with police action and with the restoration and maintenance of public order. I interpolate here that it follows that she had thus rendered herself liable to arrest in terms of the ordinary law of the land and Captain Oosthuizen must be taken to have been aware of that. His affidavit is silent on what seems to me to be a crucial factor in the circumstances of this particular case, namely why a conventional arrest and prosecution in accordance with the ordinary law of the land would not have served to put an end to any threat to public order which she may have then represented. I can only conclude that he failed to consider it. If he had considered it and concluded that it would not have sufficed, I would have

expected/.....

expected him to say so and to explain why it would not have sufficed. Before he could conscientiously conclude that her arrest and detention in terms of the emergency regulations was necessary, I think it is manifest that he would have to consider this obvious alternative".

Daar is voor ons betoog dat indien daar 'n alternatief tot aanhouding beskikbaar is, aanhouding nie "nodig", soos in reg. 3(1) bedoel, kan wees nie. Die lid van 'n Mag wat dit oorweeg om iemand te arresteer, moet dus, volgens die betoog, alternatiewe optredes oorweeg. Hy moet ook, lui die betoog verder, in 'n verklaring aan die hof sê of hy 'n alternatiewe optrede, of alternatiewe optredes, oorweeg het en, indien hy dit wel gedoen het, moet hy ook aan die hof sê wat dit was en waarom hy be-

sluit/.....

sluit het om aanhouding te gelas eerder as om 'n alternatiewe optrede te volg. Indien hy nie so 'n verklaring maak nie, lui die betoog, kan die hof nie bevind dat die oordeel waartoe hy geraak het 'n oordeel was soos in reg. 3(1) bedoel nie, en 'n arrestasie wat hy uitgevoer het, sal dus ongeldig verklaar moet word. Wat die appellante betref, lui die betoog, is daar nie in die geval van enigeen van hulle verklaar of alternatiewe optredes oorweeg is nie en ook nie waarom, indien dit wel oorweeg is, daar nogtans besluit is om hulle te arresteer en te laat aanhou nie. Daar was alternatiewe optredes beskikbaar, lui die betoog verder, en gevolglik is daar nie bewys dat die oordeel van diegene wat die appellante gearresteer en laat aanhou het

'n/.....

in oordeel was soos in reg. 3(1) bedoel nie.

Dieselfde betoog is, soos reeds gesê, in die hof a quo gelewer. Besonderhede van die alternatiewe optredes wat, volgens dié betoog, oorweeg moes gewees het, asook die hof se mening daaroor, blyk uit die uitspraak van die hof: i.v.m. Ngqumba en Fuzile, op 476 H-477 E; i.v.m. Mhamhe, op 479 D-480 C; i.v.m. Damons, op 477 G-H, 478 F-479 A; i.v.m. Osteridge, 479 A-D en i.v.m. Jooste, 474 D-476 G. Die hof het die betoog verwerp. In sy bespreking van Jooste se geval het die hof (op 475 G-H) gesê dat die alternatiewe optredes wat volgens die betoog van sy advokate oorweeg moes gewees het, nie "'alternatives' in terms of Dempsey's case" was nie, en dit wil voor-

kom/.....

kom asof dit die geleerde regter se mening in die geval van al die appellante was. Die hof a quo het die appellante se betoog na my mening tereg verwerp, maar ek vind dit nie nodig om in te gaan op die vraag of die alternatiewe optredes wat volgens die appellante se betoog oorweeg moes gewees het alternatiewe "in terms of" Dempsey se saak was nie. My mening is, kort gestel, dat die feit dat diegene wat die appellante gearresteer het nie verklaar het dat hulle alternatiewe optredes oorweeg het en, indien hulle dit wel gedoen het, waarom hulle nie op 'n alternatiewe optrede besluit het nie, nie die afleiding regverdig dat hulle mening dat dit nodig was om die arrestasie te doen nie 'n mening was soos in reg. 3(1) bedoel nie. Ek sê hier-

onder/.....

onder meer hieroor.

Die beslissing van Marais R in die Dempsey-

saak is op appèl na hierdie hof omvergewerp. Kyk The

Minister of Law and Order and Another v. Angela Dempsey;

uitspraak gelewer op 11 Maart 1988

Hefer AR,

met wie se uitspraak die meerderheid van die hof saamgestem

het, het bevind, om dit kort te stel, dat die aplikant

op
se saak/twee gronde berus het, nl. (1) dat kapt. Oosthuizen

mala fide opgetree het, en (2) dat hy nie die mening

gehuldig het dat dit nodig was om suster Harkin te

arresteer nie. Die aantyging van mala fides is deur die

appellant se advokaat laat vaar, en daar is geen rede om

te twyfel dat kapt. Oosthuizen wel die mening gehuldig

het/.....

het dat dit nodig was dat suster Harkin aangehou moet

word nie. Hefer AR het gevolglik bevind dat

die applikant nie haar saak bewys het nie en het hom nie

oor die meriete al dan nie van Marais R se benadering

t.o.v. die optrede van kapt. Oosthuizen (soos dit blyk

uit die hierbo gemelde passasie in 1986(4) SA op 541 H-

542 G) uitgespreek nie.

Wat die gemelde passasie betref, blyk dit

m.i. dat Marais R se redenering op die geval voor hom

toegespits was. Hy het naamlik gesê: "His (d.w.s.

Oosthuizen se) affidavit is silent to what seems to me to

be a crucial factor in the circumstances of this particular

case..... ". Maar hoe dit ook al sy, die appellante gee

daar/.....

te bereik. Die toets is subjektief, en die feit dat die hof 'n ander mening oor die noodsaaklikheid van iemand se aanhouding as die arresteerder huldig, beteken nie sonder meer dat die oordeel van die persoon wat besluit het dat aanhouding nodig was nie 'n oordeel is soos in reg. 3(1) bedoel nie. Die lid van 'n Mag wat moet oorweeg of dit nodig is om iemand te arresteer en te laat aanhou, sal in dié proses waarskynlik gewoonweg ook, so goed hy dit in die heersende omstandighede kan doen, oorweeg of 'n minder drastiese optrede nie voldoende sal wees nie, maar dit bring nie mee dat hy, telkens wanneer sy besluit aan-geval word, verplig is om aan die hof te sê welke alternatiewe optredes hy oorweeg het, ens., indien hy sy be-

sluit/.....

sluit staande wil hou nie. Dit is natuurlik denkbaar

dat 'n besluit dat iemand aangehou moet word in die lig van die bekende feite van 'n saak as so drasties en onnodig kan voorkom dat dit, in die afwesigheid van 'n bevredigende verduideliking, die afleiding kan regverdig dat die persoon wat die arrestasie gedoen het nie behoorlik aandag aan die aangeleentheid gegee het nie. Maar dit beteken nie dat die persoon wat 'n aanhouding nodig geag het altyd verplig sal wees om te sê dat hy alternatiewe optredes oorweeg het, wat daardie alternatiewe was en waarom hy nie een van hulle gekies het nie.

Neem bv. die geval van Osteridge (die derde applikant in die tweede aansoek voor die hof a quo). Die

inligting/.....

inligting wat die polisie met betrekking tot hom gehad het, was dat hy 'n kampanje vir burgerlike ongehoorsaamheid gevoer het en dat hy gedreig het om mense wat aan die polisie inligting gee, te "necklace", d.w.s. te vermoor deur hulle te laat doodbrand. Daar is in verband met hom betoog dat - soos dit in die appellante se betoogpunte gestel is - "the obvious alternative of arresting him under the ordinary law of the land does not appear to have been considered" en dat daar weens majoor Nel se versuim om in 'n beëdigde verklaring te sê of hy alternatiewe optredes oorweeg het, ens., bevind moet word dat hy nie 'n mening gehuldig het soos deur reg. 3(1) vereis word nie.

Kannemeyer R het in sy uitspraak in die hof a quo (op

479 C) hieroor gesê: "A threat to 'necklace' people was surely, in itself, sufficient to found an opinion that arrest and detention were necessary". Ek stem hiermee saam. Die betoog is onrealisties en dit toon hoe onaanneemlik die gedagte is dat wanneer 'n lid van 'n Mag nie verklaar of hy alternatiewe optredes oorweeg het nie, ens., dit noodwendig meebring dat nie gesê kan word dat hy 'n mening gehuldig het soos in reg. 3(1) vereis word nie.

In die saak The Bishop of the Roman Catholic Church of the Diocese of Port Elizabeth and Another v. The Minister of Law and Order and Others, waarna daar deur Kannemeyer R in sy uitspraak in die hof a quo verwys word, het Kroon R, met verwysing na Dempsey se saak, supra, o.m.

gesê/.....

gesê:

"In my view it cannot be said that an arrest and detention is necessary for the purposes set out in regulation 3(1) unless there is no other viable alternative and accordingly there can be no opinion that such arrest and detention is necessary unless alternatives to such action are considered and opined to be not feasible or practicable."

(Hierdie aanhaling is deel van die passasie in die uitspraak

van Kroon R wat op 472 C-F van die uitspraak van

Kannemeyer R aangehaal word.) Die stelling van Kroon R

dat "... it cannot be said that an arrest and detention

is necessary for the purposes set out in regulation 3(1)

unless there is no other viable alternative" is onaanneem-

lik. 'n Lid van 'n Mag het die bevoegdheid om iemand te

arresteer as hy van oordeel is dat die aanhouding van

daardie/.....

daardie persoon nodig is ter bereiking van een of meer van die doeleindes wat in reg. 3(1) genoem word. Hy is die persoon wat moet beslis oor die vraag of aanhouding nodig is, en al sou daar volgens die mening van ander 'n "viable alternative" wees, sou dit nie vanself sy mening dat aanhouding nodig is ongeldig maak nie. Die vraag is dus nie of 'n arrestasie en aanhouding "is necessary" nie, maar of die persoon wat die arrestasie doen van mening is dat dit nodig is. Die toets is, soos reeds gesê, subjektief. Die vraag is dus nie, soos daar op een plek in die uitspraak van Kroon R gesuggereer word, of die feitebewerings van kapt. Van Wyk (wat die gewraakte arrestasie laat uitvoer het) sy mening geregverdig ("justified") het nie,

maar/.....

maar wel of hy eerlik die betrokke mening gehuldig het.

Kroon R het blykbaar self gevoel dat sy stelling met betrekking tot alternatiewe optredes dalk beperk moet word, want hy het voortgegaan om te sê:

"It may be that some limitation should be placed on what would properly constitute an alternative course to adopt and I wish to guard myself from stating that every alternative which counsel's ingenuity may, after the event, suggest, was one which ought to have been considered before recourse was had to the powers conferred by regulation 3(1). It is not necessary, however, that I venture any view as to what the nature of such limitation should be."

Kannemeyer R het in sy uitspraak in die hof a quo na

hierdie woorde van Kroon R verwys en gesê (op 472 F-G):

"I/.....

"I would suggest that one possible limitation is this. The purpose of the Public Safety Act is to meet situations in which the ordinary law of the land is inadequate to enable the Government to ensure the safety of the public or to maintain public order. If the situation with which the arresting member is faced is one which can properly be dealt with under the ordinary law of the land, then a recourse to detention will not be necessary."

Die geleerde regter se voorstel is onaanvaarbaar. Dit hou in dat die besluit wat deur reg. 3(1) aan die subjektiewe oordeel van 'n lid van 'n Mag oorgelaat word, aan 'n objektiewe toets onderwerp moet word, t.w. of die situasie wat 'n lid van 'n Mag wil bekamp deur iemand te laat aanhou "can properly be dealt with by the ordinary law of the land". Wat hierdie punt betref, moet ook in

gedagte/.....

gedagte gehou word dat die persone wat deur reg. 3(1)

gemagtig word om 'n arrestasie te doen, nie regsgeleerdes

is van wie verwag kan word om altyd te weet of die situasie

wat hulle wil bekamp "can properly be dealt with under

the ordinary law of the land" nie. Verder, wat die

aangehaalde passasie in die uitspraak van Kannemeyer R betref,

die feit dat die Wet die Staatspresident magtig om vir

sekere doeleindes regulasies uit te vaardig indien die

gewone landswette onvoldoende is om die Regering in staat

te stel om die veiligheid van die publiek te verseker of

die openbare orde te handhaaf, hou nie in dat 'n noodmaat-

reël nie toegepas kan word in gevalle waar die gewone

landswette/.....

landswette ook toepassing sou kon vind nie.

Grond van appèl (3):

Die derde grond van appèl is dat die Minister

(die derde respondent in al drie die sake) nie 'n

beëdigde verklaring voor die hof gelê het waarin hy ver-

klaar waarom, of op welke gronde, hy die verdere aanhouding

van die appellante ingevolge reg. 3(3) beveel het nie.

Die betoog is dat, in die afwesigheid van so 'n verklaring,

dit nie blyk dat die Minister van oordeel was dat die

bevele nodig was ter bereiking van een of meer van die

doeleindes wat in reg. 3(1) en art. 3(1)(a) van die Wet

genoem word nie (kyk State President and Others v. Tsenoli;

Kerchhoff and Another v. Minister of Law and Order and

Others/.....

Others 1986(4) SA 1150 (A) op 1183 H-J, 1184 D-F), en ook

nie dat hy behoorlike aandag, of enige aandag hoegenaamd,

aan die hele kwessie van die aanhouding van die appellante

gegee het nie. Aangeleenthede waaraan die Minister sy

aandag moes gegee het, lui die betoog, was (i) ander,

minder drastiese, optrede teen die appellante as hulle

aanhouding ingevolge reg. 3(3), en (ii) die tydperk

van verdere aanhouding wat na sy oordeel nodig was ter

bereiking van die doeleindes wat in art. 3(1)(a) van die

Wet vermeld word. Die gevolg van die Minister se stil-

swye oor al die bogemelde aangeleenthede, sê die appellante,

is dat die aanhoudingsbevele ongeldig is.

Die/.....

Die hof a quo was van oordeel, soos in

Kannemeyer R se uitspraak oor die aansoek om verlof

om te appelleer gesê word, dat die inligting wat deur Nel

aan die Minister voorgelê is voldoende was om die Minister

te laat besluit om die aanhoudingsbevele uit te reik en,

verder, dat die hof, in die lig van die feite van die saak,

kon aanneem ("assume") dat die Minister die inligting wat

aan hom voorgelê is, oorweeg het en op grond daarvan tot

die gevolgtrekking gekom het dat dit nodig was dat die

appellante verder aangehou moes word. Die appellante se

betoog is dat die hof fouteer het aangesien daar niks

voor hom was wat aangetoon het wat die Minister werklik

gedink het, of dat hy enige alternatiewe optredes i.p.v.

die/.....

die aanhouding van die appellante oorweeg het, of dat hy sy aandag aan die tydperk van hulle aanhouding gegee het nie. Soos ek hieronder aandui, is ek nie daarvan oortuig dat die hof a quo fouteer het nie.

Die inligting in verband met die appellante wat in die respondente se stukke vermeld word, is deur Nel aan die Minister voorgelê. Die Minister het noodwendig geweet dat dié inligting met die oog op die moontlike verdere aanhouding van die appellante ingevolge reg. 3(3) aan hom voorgelê is. Die inligting was vergesel van 'n aanbeveling deur Nel. Nel het in die geval van al drie die aansoeke 'n beëdigde verklaring gemaak. In die geval van die eerste twee aansoeke sê Nel dat hy deur die

Minister/.....

Minister (en ook deur die eerste twee respondente) gemagtig

("authorised") is om die beëdigde verklaring te maak.

In die geval van die derde aansoek sê hy dat hy sy ver-

klaring "on behalf of" en met die magtiging van die

Minister en die eerste twee respondente maak. (Hierdie

bewerings word nie betwis nie.) Hieruit kan myns insiens

afgelei word dat die Minister bedoel het dat die inligting

wat deur Nel aan hom voorgelê is aan die hof voorgelê

sou word as die inligting wat hy oorweeg het en op grond

waarvan hy besluit het dat dit nodig was dat die appellante

verder aangehou moet word. Die hof a quo was van mening,

soos reeds hierbo gesê, dat die inligting wat Nel voor die

Minister/.....

Minister gelê het voldoende was om hom te laat besluit dat dit nodig was om die appellante verder aan te hou. Hierdie mening is myns insiens geregverdig. Die aard van die inligting met betrekking tot die verskillende appellante word kortliks in die uitspraak van die hof a quo genoem en dit is nie nodig om die tersaaklike feite vollediger weer te gee nie.

Met betrekking tot die gemelde betoog dat die hof a quo nie geregtig was om te aanvaar ("assume") dat die Minister die feite wat voor hom gelê is, oorweeg het en op grond daarvan die mening gehuldig het dat dit nodig was dat die appellante verder aangehou moes word nie, wil ek kortliks ook verwys na die saak Seedat v. Rex

1942 NPD 189, waar dit ook gegaan het oor die bewys van die mening ("opinion") van iemand wat nie self getuienis voor die hof afgelê het nie. Die appellant in daardie saak is daaraan skuldig bevind dat hy die bepalinge van 'n "certificate of exemption from internment" oortree het.

So 'n sertifikaat kon ingevolge sekere noodregulasies deur die Minister van Justisie of die "chief control officer" (wat in Pretoria gesetel was) uitgereik word ten opsigte van 'n persoon wie se gedrag na die oordeel ("opinion") van die Minister of die "chief control officer" sodanig was "as to make it desirable in the interest of the State or in that person's own interest to control

his/.....

his activities". 'n Sertifikaat ten opsigte van die
 appellant is deur die "control officer" in Durban (wat
 nie die "chief control officer" was nie) uitgereik, en
 daar is betoog dat die Staat moes bewys het dat die "chief
 control officer", wie se mening in die betrokke geval
 ter sake was, die vereiste mening aangaande die appellant
 gehuldig het; dat die Staat derhalwe verplig was om hom
 as getuie op te roep, en dat die Staat se versuim om dit
 te doen meegebring het dat die saak teen die appellant nie
 bewys is nie. Hathorn RP het die betoog soos volg be-
 handel (op 195):

"The question, then, is merely one of
 the sufficiency of proof. The evidence of
 the control officer was that he received

instructions/.....

instructions from the chief control officer and acted upon them. The chief control officer had no authority to give the instructions unless he held the opinion contemplated by the regulation. As I am totally unable to believe that the chief control officer would have given the instructions unless he held the opinion contemplated by the regulation, I infer from the fact that he gave them that he held the opinion, or, to put the matter in another way, the probability that he held the opinion is, in the circumstances, so great that I have no reasonable doubt, that it is a fact that he held the opinion. I can see no reason why, if the opinion of A has to be proved, A must necessarily give evidence. The opinion would be proved if B gave evidence of acts by A, from which the Court was able to infer that A held the opinion."

In die lig van wat ek hierbo gesê het, is ek van mening dat die hof a quo geregtig was om sy bogenelde afleiding aangaande die Minister te maak.

Soos/.....

Soos ek hierbo gesê het, is daar namens die appellante betoog dat die Minister ander, minder drastiese, optredes teen die appellante as hulle aanhouding moes oorweeg het. Die betoog lui dat hy aan die hof moes gesê het of hy sulke optredes oorweeg het en, indien hy dit wel gedoen het, wat daardie optredes was en waarom hy besluit het om die appellante te laat aanhou eerder as om een van daardie optredes te volg. Dieselfde betoog is ook in die hof a quo gelewer en die hof het in dié verband op 471 A-472 F uitvoerig na die uitspraak van Marais R in Dempsey v. Minister of Law and Order and Others, supra, verwys. Ek het die aangeleentheid van alternatiewe optredes by grond van appèl (2) hierbo bespreek en, wat die

Minister/.....

Minister betref, vind ek dit voldoende om te sê dat ek nie saamstem met die siening dat die Minister verplig is om, telkens wanneer hy 'n aanhoudingsbevel uitgereik het, aan die hof te verklaar dat hy alternatiewe optredes oorweeg het, wat daardie alternatiewe optredes was en waarom hy nie een van hulle gekies het eerder as om te beveel dat die betrokke persoon langer aangehou moet word nie. Die kernvraag by optrede ingevolge reg. 3(3) is of die Minister van oordeel is dat dit nodig is dat 'n persoon wat na 'n arrestasie ingevolge reg. 3(1) in aanhouding verkeer, ter bereiking van een of meer van die doeleindes wat in reg. 3(1) en art. 3(1)(a) van die Wet vermeld word, verder aangehou moet word. As hy so 'n mening huldig, kan hy ingevolge reg. 3(3) optree. Dit wil natuurlik nie sê dat sy be-

slissing/.....

slissing onaanvegbaar is nie. Dit is bv. denkbaar

(soos ek hierbo ook i.v.m. optrede ingevolge reg. 3(1)

gesê het) dat 'n aanhoudingsbevel in die lig van die feite

van 'n saak as so kras of ongeregverdig kan voorkom dat

dit, in die afwesigheid van 'n bevredigende verduideliking,

die afleiding kan regverdig dat die Minister nie behoorlik

aandag aan die saak gegee het nie. Dit beteken egter nie

dat die Minister altyd moet aandui dat hy alternatiewe

optredes oorweeg het en daarteen besluit het voordat hy

besluit het om 'n aanhoudingsbevel uit te reik nie. In die

hof a quo is daar, volgens die uitspraak geoordeel, in

die geval van sommige van die appellante (t.w. Ngqumba

en/.....

en Fuzile, op 477 C-E, en Jooste, op 475 I-H) betoog dat sekere alternatiewe stappe teen hulle gedoen kon gewees het. Die hof het die betoog verwerp, en die voorgestelde alternatiewe laat my geensins daarvan oortuig dat gesê kan word dat die Minister nie behoorlik aandag aan die betrokke gevalle gegee het en dat sy bevele dus as ongeldig beskou moet word nie. Die betoog i.v.m. Ngqumba en Fuzile is in hierdie hof herhaal. Daar is ook betoog dat Mhamhe (die tweede applikant in die eerste aansoek), in verband met wie daar inligting was dat hy die oogmerke van die ANC op vergaderings gepropageer het, onder die gewone wette van die land gearresteer kon gewees het en dat dit nie nodig was om hom te laat aanhou nie. In die geval van

Damons/.....

Damons is aangevoer dat dit nie blyk dat daar enige rede vir sy aanhouding was nie. Ek stem/^{nie}saam met die betoog dat afgelei moet word dat die Minister nie sy aandag aan die noodsaaklikheid vir die aanhouding van hierdie persone gegee het nie. Nog skraler om die lyf is die betoog dat die Minister moes aangetoon het waarom hy nie tot 'n ander optrede as. aanhouding in die geval van Osteridge besluit het nie. Ek het reeds hierbo aangedui wat die inligting in verband met hom was.

Ek let vervolgens op die appellante se betoog aangaande die tydperk van aanhouding wat in die geval van die appellante bepaal is. Die betoog is dat die

respondente/.....

respondente nie getoon het dat die Minister sy aandag aan hierdie aangeleentheid gegee het nie. Die Minister, sê die appellante, moes in 'n beëdigde verklaring getoon het dat hy die aangeleentheid behoorlik oorweeg het, en daar is aangevoer dat veral die geval van Damons die afleiding regverdig dat die Minister nie die vraag van die duur van die aanhouding van die appellante behoorlik oorweeg het nie. Wat Damons betref, lui die betoog dat daar geen goeie rede was waarom hy vir selfs die aanvanklike periode van 14 dae aangehou is nie. Ek vind die geheel van die betoog onaanvaarbaar. Dit blyk uit die Minister se aanhoudingsbevele dat hy besluit het dat elke appellant aan-

gehou/.....

gehou moes word vir so lank as wat die regulasies van krag bly. Hy het m.a.w. besluit om nie 'n korter periode te bepaal nie, en ek vind dit moeilik om die betoog te begryp dat afgelei moet word dat hy nie sy aandag aan die kwessie van die tydperk van die aanhouding van die appellante gegee het nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Minister ingevolge reg. 3(6) te eniger tyd 'n aangehoudene kan vrylaat, en daar kan aanvaar word dat hy sou geweet het dat hy oor hierdie bevoegdheid beskik. Wat Damons betref, verloor die appellante se betoog uit die oog dat die inligting in verband met hom nie net was dat hy 'n optrede beoog het wat burgerlike ongehoorsaamheid op, of tot op, 16 Junie 1986 sou bevorder nie, maar ook "for

the/.....

the period thereafter". (Kyk op 477 H van die hofver-
slag.)

Wat hierdie kwessie van die oorweging van die
tydperk van aanhouding betref, het die appellante o.m.
gesteun op die uitspraak van Selikowitz Wnd R in die saak
Hester Swart v. Minister of Law and Order and Others,
wat op 3 April 1987 in die Kaapse Hooggeregshof gelewer
is. In daardie saak is die seun van die applikant
op 17 Junie 1986 ingevolge reg. 3(1) gearresteer. Die
Minister van Wet en Orde het in 'n beëdigde verklaring wat
voor die hof gelê is, gesê dat hy op 25 Junie 1986 'n
skriftelike lasgewing onderteken het waarin hy gelas het

dat/.....

dat die aangehoudene "verder aangehou word vir solank die noodregulasies van krag is." Hy het bygevoeg: "Alvorens ek die gemelde lasgewing onderteken het, is sekere feite en omstandighede met betrekking tot die optrede van die aangehoudene gedurende die tydperk wat sy arrestasie voorafgegaan het aan my voorgelê, op grond waarvan ek tot die gevolgtrekking gekom het dat dit nodig was vir die handhawing van openbare orde, die veiligheid van die publiek en die beëindiging van die Noodtoestand dat die aangehoudene verder aangehou word." Selikowitz

Wnd R het die volgende i.v.m. hierdie verklaring van die Minister gesê:

"The/.....

"The 1st respondent does not say that he held an opinion as to the duration of any further detention. An opinion that it was necessary that the 'aangehoudende verder aangehou word' does not, in my view, address the question of duration. Further detention simpliciter is vague and is not empowered by regulation 3. I consider that it was incumbent upon 1st respondent, even on the ipse dixit approach, to state that he had an opinion which included the question of the duration of the further detention of the applicant. If the 1st respondent had, on 25 June 1986, found himself in the position where he was unable to form an opinion as to a definite duration he should have set this out in his affidavit."

Die hof het vervolgens bevind dat die respondente nie

bewys het dat daar "lawful cause" vir die Minister se

bevel was nie en dat dit gevolglik ongeldig was. Die

geleerde regter se siening van die aangeleentheid toon 'n

wanbegrip/.....

wanbegrip van wat die Minister gesê het en is onjuis.

Wat die eerste sin van die aangehaalde passasie in die

uitspraak betref; Die feit dat die Minister in die aan-

houdingsbevel bepaal het dat die aangehoudene aangehou

moet word "vir solank die noodregulasies van krag is",

hou duidelik in dat die Minister van oordeel was dat die

aanhouding moes voortduur vir solank as wat die regulasies

van krag bly, d.w.s. nie vir 'n korter tydperk nie. Wat

die tweede sin van die passasie betref: Die Minister sê

wel dat dit na sy mening nodig was dat die aangehoudene

verder aangehou moes word, maar dit moet gekoppel word

met die feit dat hy gelas het dat die aangehoudene aange-

hou moes word vir solank as wat die noodregulasie van

krag/.....

krag bly. Wanneer dit gedoen word, blyk immers welke mening hy gehuldig het oor die tydperk wat die aanhouding moes duur. Wat die derde sin betref: Reg. 3(3) bepaal dat die Minister kan beveel dat 'n persoon wat ingevolge reg. 3(1) aangehou word, "verder ... aangehou" kan word, en die Minister het in sy beëdigde verklaring gesê dat dit na sy oordeel nodig was dat die aangehoudene "verder aangehou" word. Hy het nie bloot beveel dat die aangehoudene "verder aangehou" moet word nie, maar wel dat hy aangehou moet word vir solank as wat die noodregulasies van krag bly. Hy het dus niks in oorweging geneem, en niks gedoen, wat nie deur reg. 3 gemagtig word nie. Wat die vierde sin van die aangehaalde passasie betref, sou ek meen dat dit

realisties/.....

realisties is om te sê dat die feit dat die Minister bepaal
het vir hoe lank die aangehoudene aangehou moes word die
afleiding regverdig dat hy 'n mening oor die tydperk van
aanhouding gehuldig het. Wat die laaste sin van die
aangehaalde passasie betref: Ek begryp nie waarom gesê
word dat indien die Minister hom op 25 Junie 1986 in die
posisie bevind het "where he was unable to form an opinion
as to a definite duration" hy dit in sy beëdigde verklaring
moes gesê het nie. 25 Junie 1986 was die dag waarop hy
gelas het dat die aangehoudene aangehou moes word vir solank
as wat die regulasies van krag bly. Dit toon dat hy
van oordeel was dat die aangehoudene vir solank as wat
moontlik was, aangehou moes word, en nie dat hy nie in
staat/.....

staat was om tot 'n mening oor die tydperk van aanhouding te geraak nie.

Gronde van appèl (4) en (5):

Die appellante aanvaar dat die kwessie van onus, soos in appèlgrond (4) genoem, alleen by die vraag van die geldigheid van hulle arrestasie en aanhouding ter sprake kom, en gronde (4) en (5) word dus saam bespreek. Die appellante se betoog kan soos volg saamgevat word:

- (a) Daar was 'n onus op die respondente om te bewys dat die arrestasie en aanhouding van die appellante ingevolge reg. 3(1) geldig was; as dit nie geldig was nie, sou die Minister nie hulle verdere aanhouding ingevolge reg. 3(3) kon gelas het nie.
- (b) Daar was feitegeskille tussen die partye in verband met die arrestasie van die appellante, en omdat die onus op die respondente gerus het, moes die hof a quo, anders as wat hy gedoen het, die bewerings wat in die appellante se beëdigde verklarings oor hulle arrestasie gemaak word, aanvaar het.

- (c) 'n Geldige arrestasie ingevolge reg. 3(1) vereis dat elke appellant ten tyde van sy arrestasie, of so gou doenlik daarna, maar in ieder geval vóór die ondertekening van sy aanhoudingsbevel, van die rede, of redes, vir sy arrestasie verwittig moes gewees het; dat die hof a quo fouteer het deur te bevind dat daar 'n voldoende en tydige mededeling van die rede(s) vir hulle arrestasie aan die appellante gedoen is, en dat hy moes bevind het dat hulle arrestasie en aanhouding ingevolge reg. 3(1) ongeldig was.

Wat die kwessie van onus betref, kan vir die doeleindes van die appèl aanvaar word dat die onus op die respondente gerus het om te bewys dat die arrestasie en aanhouding van die appellante geldig was. Die vraag is egter of, soos die appellante betoog, die hof a quo die bewerings wat in hulle beëdigde verklarings aangaande hulle arrestasie gemaak word, moes aanvaar het waar dit

strydig/.....

strydig was met die bewerings van die persone deur wie hulle gearresteer is. Daar is al meermale gesê dat wanneer 'n applikant 'n hof by wyse van kennisgewing van mosie nader, hy 'n finale bevel kan verkry indien die feite wat in sy beëdigde verklarings voorkom en wat deur die respondent erken word, tesame met die bewerings wat deur die respondent gemaak word, so 'n bevel regverdig. In Plascon-Evans Paints Ltd v. Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd 1984(3) SA 623 (A) het hierdie hof (per Corbett AR) op 634 H-635 C die volgende i.v.m. hierdie benadering (waarna ek hierna as die algemene reël sal verwys) gesê:

"It is correct that, where in proceedings on notice of motion disputes of fact have arisen on the affidavits, a final order, whether it be an interdict or some other form of relief, may be granted if those facts averred in the applicant's affidavits which have been admitted by the respondent,

together/.....

together with the facts alleged by the respondent, justify such an order. The power of the Court to give such final relief on the papers before it is, however, not confined to such a situation. In certain instances the denial by respondent of a fact alleged by the applicant may not be such as to raise a real, genuine or bona fide dispute of fact If in such a case the respondent has not availed himself of his right to apply for the deponents concerned to be called for cross-examination under Rule 6(5)(g) of the Uniform Rules of Court and the Court is satisfied as to the inherent credibility of the applicant's factual averment, it may proceed on the basis of the correctness thereof and include this fact among those upon which it determines whether the applicant is entitled to the final relief which he seeks Moreover, there may be exceptions to this general rule, as, for example, where the allegations or denials of the respondent are so far-fetched or clearly untenable that the Court is justified in rejecting them merely on the papers".

Die/.....

Die appellante betoog egter dat hierdie reël alleen geld
 waar die onus op die applikant rus en dat dit nie van toe-
 passing is in 'n geval soos die onderhawige waar die onus
 op die respondent is nie. Die betoog is gegrond op 'n
 passasie in United Technical Equipment Co (Pty) Ltd v.
Johannesburg City Council 1987(4) SA 343 (T) waar Harms R
 (met wie se uitspraak Preiss R en Myburgh Wnd R saamgestem
 het) na die bogemelde passasie in die Plascon-Evans-saak
 verwys het en gesê het (op 348 B-D):

"Appellant's counsel submitted that, since there
 are factual disputes with regard to the probable
 success of the application to the Administrator,
 the Judge a quo ought to have accepted the evidence
 of the appellant in accordance with the principles
 stated in Plascon-Evans Paints Ltd v. Van Riebeeck
Paints (Pty) Ltd 1948(3) SA 623 (A) at 634-635.
 What was lost sight of is the fact that the rules
 as formulated in that case did not deal with the
 situation where the onus in respect of an issue

is/.....

is on the respondent in application proceedings. In such a case the rules work in reverse. The matter is considered on the basis that the applicant's allegations are true subject to the exceptions mentioned in the Plascon-Evans judgment. Cf. Cresto Machines (Edms) Bpk v. Afdeling Speur-offisier, SA Polisie, Noord-Transvaal 1972(1) SA 376 (A)".

Die onderhawige saak, sê die appellante, is 'n geval waar

"the rules work in reverse", en nie soos dit in die Plascon-Evans-saak gestel word nie.

Dit klink waarskynlik logies om te sê dat indien

die onus om 'n feit te bewys op die respondent rus, hy hom

nie van daardie onus kwyd as die applikant sy bewerings

aangaande die betrokke feit ontken en die hof nie die

applikant se bewerings sonder meer kan verwerp nie, maar

die vraag is of hierdie siening van wat as logies voorkom

die gevolg meebring wat Harms R in die United Technical

Equipment/.....

Equipment-saak, supra, genoem het. Dit blyk nie duidelik

uit die uitspraak van Kannemeyer R of die appellante se

betoog in hierdie hof ook in die hof a quo geopper is nie.

Op 468 B-C van die hofverslag sê die geleerde regter

die volgende i.v.m. die kwessie van die arrestasie en aan-

houding van die appellante:

"These questions involve not only legal issues but also factual ones. Thus, where there is a factual conflict between the affidavits filed in support of the applications and those of the respondents, the latter must be accepted for the determination of these questions."

Op 468 I-J word gesê:

"The applicants claim that on the respondents' version their arrests were unlawful and accordingly that their subsequent detention is invalid."

Ietwat later in die uitspraak (op 475 B-C) sê die geleerde

regter/.....

regter die volgende met betrekking tot die applikant.

Jooste:

"In his replying affidavit, Jooste controverts much of what is said by Nel. However his counsel accepted the position flowing from a conflict of fact in motion proceedings and did not suggest that the matter should be referred for oral evidence."

Hierdie passasies - en veral die derde - wek die indruk dat die appellante in die hof a quo aanvaar het dat die algemene reël by die behandeling van feitegeskille, soos in die Plascon-Evans-saak, supra, gestel, op die onderhawige geval van toepassing was. Maar hoe dit ook al sy, dit blyk dat die appellante in hulle aansoek om verlof om te appelleer dieselfde betoog gelewer het as wat hulle in hierdie hof gedoen het. Kannemeyer R het die betoog onaanvaarbaar bevind en gesê:

"The/.....

"The approach laid down in Plascon-Evans Paints Ltd v. Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd 1984(3) SA 623 (AD) is not concerned with the question of onus. It determines the evidence upon which an application on notice of motion must be decided when there is a conflict of fact on the affidavits."

Ek stem met hierdie mening saam. Die algemene reël, soos in die Plascon-Evans-saak vermeld, het te doen met die wyse waarop 'n hof 'n saak benader waar 'n applikant 'n finale bevel in mosie-verrigtinge aanvra en daar 'n geskil uit die stukke blyk. Dit vloei nie daaruit voort dat 'n applikant wat 'n hof by wyse van 'n kennisgewing van mosie nader die onus dra en derhalwe genoodsaak is om in die geval van 'n feitegeskil die bewerings van die respondent te aanvaar as hy sy aangevraagde bevel wil verkry nie. Die grondslag van die algemene reël skyn te wees dat 'n party

wat/.....

wat besluit om mosieverrigtinge aanhangig te maak normaalweg weet dat daar 'n gevaar bestaan dat sy feitebewerings betwis kan word en dat hy dan gedwing kan word om die respondent se bewerings te aanvaar indien hy 'n finale bevel op die stukke wil verkry. (Dit is nie nodig om hier in te gaan op die hof se bevoegdheid om kragtens reël 6(5)(g) van die Eenvormige Hofreëls te beveel dat mondelinge getuienis aangehoor moet word nie.) In Tamarillo (Pty) Ltd v. B N Aitken (Pty) Ltd 1982(1) SA 398(A) het hierdie hof (per Miller AR) gesê (op 430 G-431 A):

"A litigant is entitled to seek relief by way of notice of motion. If he has reason to believe that facts essential to the success of the claim will probably be disputed he chooses that procedural form at his peril, for the Court in the exercise

of/.....

of its discretion might decide neither to refer the matter for trial nor to direct that oral evidence be placed before it, but to dismiss the application. (Room Hire Co (Pty) Ltd v. Jeppe Street Mansions (Pty) Ltd 1949(3) SA 1155 (T) at 1168.) But if, notwithstanding that there are facts in dispute on the papers before it, the Court is satisfied that on the facts stated by the respondent, together with the admitted facts in the applicant's affidavits, the applicant is entitled to relief (whether in respect of all his claims or one or more of them) it will make an order giving effect to such finding, with an appropriate order as to costs. (Cf Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v. Stellenvale Winery (Pty) Ltd 1957(4) SA 234 C at 235; Burnkloof Caterers (Pty) Ltd v. Horseshoe Caterers (Green Point) (Pty) Ltd 1976(2) SA 930 (A) at 938.)"

Miller AR het nie na die kwessie van onus verwys nie,

maar dit blyk m.i. dat hy na die algemene reël, soos in die

Plascon-Evans-saak, supra, vermeld, verwys het as 'n reël

wat/.....

wat normaalweg toegepas word wanneer iemand by wyse van mosieverrigtinge 'n bevel wil verkry en daar dan feitegeskille ontstaan. In Associated South African Bakeries (Pty) Ltd v. Oryx & Vereinigte Bäckereien (Pty) Ltd en Andere 1982 (3) SA 893 (A), waar dit om die afdwing van 'n voorkeepsreg gegaan het, het Botha Wnd AR in 'n minderheidsuitspraak (waarmee Hoexter AR saamgestem het) beslis dat die benadering wat ek hierbo die algemene reël genoem het ook geld waar die onus op die respondent rus. (Die aangeleentheid is nie in die meerderheidsuitspraak behandel nie.) Die geleerde regter het o.m. gesê (op 923 G-924 B):

"As algemene uitgangspunt kan 'n applikant in mosieverrigtinge op finale regshulp van die soort

wat/.....

wat hier ter sprake is op die stukke en sonder die aanhoor van mondelinge getuienis aanspraak maak slegs as dit blyk dat hy op sodanige regshulp geregtig is op grondslag van die bewerings wat gemaak word deur die respondent en sodanige van die applikant se bewerings as wat deur die respondent erken word (vgl Stellenbosch Farmers' Winery Ltd v. Stellenvale Winery (Pty) Ltd 1957 (4) SA 234 (K) te 235 E-G; Burnkloof Caterers (Pty) Ltd v. Horseshoe Caterers (Green Point) (Pty) Ltd 1976(2) SA 930 (A) te 938 A-C; Tamarillo (Pty) Ltd v. B N Aitken (Pty) Ltd 1982(1) SA 398 (A) te 430 G-431 A). Ek sal na hierdie posisie verwys as die algemene reël wat geld by mosieverrigtinge. Op die algemene reël is daar wel uitsonderings, soos bv waar die bewerings of ontkenninge van die respondent so vergesog of klaarblyklik onhoudbaar is dat die verwerping daarvan bloot op die stukke geregverdig is. Vir my doeleindes is dit nie nodig om verder hierop uit te brei nie. Van belang is dat die algemene reël na my mening klaarblyklik ook van toepassing is op verwerpe wat die respondent teen die applikant se eise opper in sy beantwoordende verklaring. As die respondent se bewerings 'n verweer openbaar, dan kan/....

kan die applikant op die stukke nie slaag nie, al sou hy sodanige bewerings in sy repliserende verklaring ontken, en al sou die bewyslas ten opsigte van die verweer volgens die gewone toepaslike reëls by die respondent berus."

Die geleerde regter se mening dat die algemene reël geld selfs waar die onus om die feit in geskil te bewys op die respondent rus, is na my mening korrek. Ek verwys na enkele sake waarin daar m.i. steun vir dié standpunt te vind is.

In Adbro Investment Co Ltd v. Minister of the Interior

1956(3) SA 345 (A), waar 'n verklaring van regte aangevra is, het Centlivres HR op 349 E - G gesê:

"Mr Fischer on behalf of the appellant contended that the onus of proving that the appellant was an Asiatic company rested on the Minister inasmuch as his notice under sec. 20 of Act 41 of 1950 was a serious invasion of his rights based on an allegation that the properties were acquired in contravention of a law.

Assuming/.....

Assuming that the onus does rest on the Minister, it does not follow that, if the Minister does not discharge the onus in motion proceedings where relevant facts are in dispute or when the full facts have not been disclosed, the appellant is entitled to an order in his favour. For in such a case the Minister is entitled to discharge the onus by means of viva voce evidence."

Hier is nie steun te vind vir die stelling in die United Technical Equipment-saak, supra, dat waar die onus op die respondent rus, die algemene reël andersom werk en dat die saak dan behandel moet word op die basis dat "the applicant's allegations are true" nie. Die laaste sin van die aanhaling kan miskien die indruk wek dat in 'n geval waar die onus op die respondent rus en hy hom nie op die stukke van daardie onus kwyd nie, hy verplig is om mondelinge getuienis voor te lê indien hy

wil/.....

wil verhinder dat die applikant se aansoek teen hom toegestaan word. Ek glo egter nie dat die hof dit so bedoel het nie. Waar 'n applikant bv. moet verwag dat sy bewerings bestry kan word, is hy nie noodwendig geregtig op 'n bevel indien die respondent, op die wie onus rus, nie vra dat die feitegeskille deur mondelinge getuienis besleg moet word nie. Die hof sou in die uitoefening van sy diskresie die aansoek kon afwys. Kyk bv. die aanhaling uit die Tamarillo-saak, supra. Ek verwys ook na twee vroeëre beslissings. Die eerste is Meyers v. Braudo 1927 TPD 393. Dit was die keurag van 'n voorlopige sekwestrasiebevel. Die onus was op die respondent om te bewys dat hy sekere bedrae nie geskuld het nie, en die applikant het 'n finale sekwestrasiebevel op die stukke aangevra. Greenberg R

het/.....

het op 396 gesê:

"And as the applicant claims a decision on the matter and does not ask for evidence to be heard, I do not think I am justified in ordering the hearing of evidence."

Die tweede saak, Priest v. Collett 1930 CPD 372, was 'n

appèl teen 'n finale sekwestrasiebevel. Die onus was op

Priest om te bewys dat hy 'n promesse-skuld aan Collett be-

taal het. Gardiner RP (met wie Van Zyl R en Sutton R

saamgestem het) het gesê (op 374 i.f. - 375):

"The ordinary way of establishing a claim is by way of action. In sequestration proceedings a petitioner is allowed to set up a claim which he has not established by way of judgment, but if he takes this course, he incurs a great risk. The respondent may deny the debt, or set up a contra account, and even if the Court is not satisfied as to the denial, or as to the validity of the contra account, yet if it thinks it possible that the respondent may succeed in making good

his/.....

his defence upon action, it should refuse to sequesterate."

(Die bogemelde beslissing in Priest v. Collett is deur hierdie hof tersyde gestel op grond daarvan dat die Kaapse hof nie die bevoegdheid gehad het om 'n appèl teen 'n sekwestrasiebevel wat deur die Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof in die Oostelike Distrikte uitgereik is, aan te hoor nie. Die hof het hom nie uitgelaat oor wat Gardiner RP, soos hierbo aangehaal, gesê het nie.)

Die enigste beslissing waarna Harms R verwys het toe hy sy hierbo aangehaalde stelling in die United ^{gemaak} Technical Equipment-saak/het, is Cresto Machines (Edms)

Bpk v. Afdeling Speuroffisier, S.A. Polisie, Noord-Trans-

vaal 1972(1) SA 376 (A). Dié saak bevat geen bespreking

van, of beslissing oor, wat ek hierbo die algemene reël

genoem/.....

genoem het nie, en dit bied nie gesag vir Harms R se bogenelde stelling nie.

Uit hoofde van die voorgaande meen ek dat Kannemeyer R dit reg gehad het toe hy die feitegeskille aangaande die arrestasie van die appellante behandel het op die grondslag dat die respondente se bewerings aanvaar moes word.

Ek behandel vervolgens die appellante se betoog, soos in (c) hierbo saamgevat, dat hulle arrestasie ongel dig was.

Reg. 3(1) bepaal dat 'n arrestasie sonder lasbrief uitgevoer kan word. Dit bepaal egter nie hoe 'n arrestasie uitgevoer moet word nie. Dit bepaal ook nie of 'n persoon

by/.....

by, of ná, sy arrestasie die rede vir sy arrestasie meegedeel moet word nie. Wat die appellante betref, hoef ons nie stil te staan by die vraag of hulle gearresteer is nie: hulle sê, en aanvaar, dat hulle gearresteer is en hulle saak is dat hulle arrestasie ongeldig was. Die geskil tussen die partye is, kort gestel, of die lede van die Veiligheidspolisie wat die appellante gearresteer het aan hulle die rede vir hulle arrestasie moes gegee het en, indien wel, of hulle dit gedoen het en, daarby, of hulle dit tydig gedoen het. Die hof a quo het die betoog van die appellante aanvaar dat, hoewel art. 39 van die Strafproseswet, No. 51 van 1977, 'n artikel is in 'n wet wat op strafprosedure betrekking het, dit 'n kodifikasie is van die reëls wat in die Romeins-Hollandse reg met betrekking tot/.....

tot alle arrestasies gegeld het en dat die bepalinge

daarvan dus ook op arrestasies ingevolge reg. 3(1) van toe-

passing is. (Kyk 468 I-J en 470 A-C van die hofverslag.)

Die gesag vir die betoog dat die gemene reg vereis het dat

'n gearresteerde by sy arrestasie van die rede daarvoor

verwittig moes word, is 'n passasie in Van Zyl se The

Judicial Practice in South Africa, 4de uitg., p. 207.

Dit lui soos volg:

"As to what constitutes an arrest of a person, it is not necessary that there should be a forcible attachment and detention of the person of the defendant, for as regards the mode of making the arrest, the slightest touch accompanied with a declaration of the object will suffice; ¹ and it is not even necessary that the officer should touch the defendant, provided that the conduct of the parties shew that he is in custody; for instance, the officer may come

into/....

into the room and lock the door.²

Immediately a person is arrested he should be informed of the object of the arrest, and the writ authorising the arrest should be exhibited to him, and a copy of it handed to him; but a copy of the affidavit need not be served, - this the defendant can always obtain upon applying to the Registrar.³"

Die gesag waarna Van Zyl by voetnoot (1) verwys, is Merula

4.24.9.2, en, by voetnoot (3), "Rule of Court 14 and

Silberbauer v. Ruthven, B. 1868 p. 100 ".

In Silberbauer v. Ruthven, supra, is die respondent

op 'n skip in die hawe van Port Elizabeth weens die nie-

betaling van 'n geldskuld gearresteer. Die arrestasie

moes ingevolge 'n lasbrief, soos deur die gemelde hofreël 14 vereis,

geskied het, maar die nodige lasbrief was ten tyde van die

arrestasie nog op pad van Kaapstad af, waar dit uitgereik

is/.....

is. Daar was 'n telegrafiese berig dat daar 'n lasbrief uitgereik was, en die vraag wat die hof moes beslis, was of die arrestasie geldig was sonder dat die lasbrief of 'n afskrif daarvan ten tyde van die arrestasie in die hande van die adjunk-balju was en aan die gearresteerde getoon is. Hierdie saak het alleen te doen gehad met 'n arrestasie ingevolge 'n lasbrief soos in die gemelde hofreël bepaal. Die uitspraak bevat geen verwysing na arrestasie in die Romeins-Hollandse reg nie; en geen bespreking van arrestasie sonder 'n lasbrief nie.

Wat die verwysing na Merula, Manier van Procederen,

4.24.9.2 betref, moet vooraf kortliks gesê word dat in die siviele reg van destyds 'n arrestasie in eintlik net twee gevalle toegelaat is, nl. (i) 'n arrestasie ter versekering van 'n skuld waar daar goeie rede was om te glo dat die

skuldenaar/.....

skuldenaar sou vlug, en (ii) 'n arrestasie om aan 'n hof
jurisdiksie oor 'n persoon te gee wat dit andersins nie sou
gehad het nie. (Kyk Van der Linden, Verhandeling over de

Judicieele Practycq of Form van Procedeeren, 2.18.1;

Voet 2.4.18) In albei gevalle was dit nodig om vooraf 'n
bevel wat die arrestasie magtig van 'n regter te verkry.

In Merula 4.24.9.2 word daar verwys na "Reële Citatie",
d.w.s. "Arrest of Aantasting van Persoonen en Handstelling
van Goederen", en daar word gesê dat dit in die siviele
reg meestal toepassing vind in die geval van 'n skuldenaar
"die suspect is van vlugten of weg te loop." Soos reeds
gesê, was 'n bevel nodig wat so 'n arrestasie magtig. Dit
blyk dus dat in Merula 4.24.9.2 niks gesê word wat enig-

sins/.....

sins op arrestasie sonder 'n voorafgaande bevel, of lasbrief, betrekking het nie. Wat die strafprosedure betref, kon iemand wat in die geval van 'n "lijfstraffelijke misdaad" op heter~~daad~~ betrap is, sonder 'n voorafgaande bevel van 'n regter in hegtenis geneem word (Van der Linden, op cit., 4.5.3), maar andersins moes daar vooraf 'n bevel van 'n regter verkry word om 'n kriminele proses te kon aanlê. Daar was hoofsaaklik twee soorte sulke bevele, nl. 'n "Decreet van Apprehensie" en 'n "Decreet van Dagvaarding in persoon." Eersgenoemde, wat die arrestasie van die beskuldigde gemagtig het, is toegestaan wanneer daar ten opsigte van die daad wat die beskuldigde gepleeg het "bij de Wet

eene/.....

eene lijfstraf gestatueerd" was. 'n Dagvaarding is verleen in die geval van minder ernstige misdade, waar dit voldoende geag is om 'n persoon te beveel om op 'n sekere dag voor 'n regter te verskyn. (Van der Linden, op cit., 4.5.5.) Daar moet bygevoeg word, soos Voet 2.4.27 sê, dat die prosedure by arrestasie 'n saak van plaaslike gewoonte en die praktyk van die verskillende howe was.

dat

Die bostaande toon/Merula 4.24.9.2 en die ander bewysplekke deur Van Zyl genoem nie die stelling van die hof a quo regverdig dat art. 39 van die Strafproseswet van 1977 as 'n kodifikasie van die "Common Law" aangaande alle arrestasies beskou kan word nie.

Die/.....

In vóór-Unie-wetgewing in die vier Provinsies was daar, sover ek weet, geen bepaling wat beveel het dat by 'n arrestasie sonder lasbrief die gearresteerde die rede vir sy arrestasie meegedeel moes word nie. So 'n bepaling is in 1917, met die aanvaarding van die Wet op Kriminele Procedure en Bewijslevering, No. 31 van 1917, ingevoer. Art. 33(2) van daardie Wet het bepaal:

"Wanneer een arrest zonder lastbrief gemaakt wordt, moet aan de gearresteerde persoon onmiddellik door de arresterende persoon de reden van het arrest worden meegedeeld."

Hierdie artikel is deur art. 5(b) van die Algemene Regswysigingswet, No. 46 van 1935 geskrap, maar art. 4 van laasgenoemde wet het 'n byna gelykluidende artikel (art. 32 bis) in Wet 31 van 1917 ingevoeg.

Dit/.....

Dit lui soos volg:

"Wanneer iemand een ander zonder lastbrief
arresteert, moet hij aan de gearresteerde on-
verwijd de reden van het arrest meedelen."

Daar was 'n dergelike bepaling in art. 26 van die Straf-

proseswet, No. 56 van 1955:

"Wanneer iemand 'n ander persoon sonder lasbrief
in hegtenis neem, moet hy aan die persoon wat
in hegtenis geneem word die rede vir die inhegte-
nismeming onverwylde meedeel."

Die ooreenstemmende bepaling - art. 39(2) - van die huidige

Strafproseswet van 1977 lui soos volg:

"Die persoon wat 'n inhegtenismeming uitvoer, moet,
ten tyde van die uitvoering van die inhegtenis-
neming of onmiddellik nadat die inhegtenismeming
uitgevoer is, die gearresteerde persoon meedeel
wat die rede vir die inhegtenismeming is of, in
die geval van 'n inhegtenismeming wat uit hoofde
van 'n lasbrief geskied, op versoek van die ge-

arresteerde/.....

arresteerde persoon 'n afskrif van die lasbrief
aan hom oorhandig."

Hierdie art. 39(2) is 'n bepaling in 'n wet wat
met die strafprosesreg te doen het en daar kan dus nie
gesê word dat dit in die geval van arrestasies ingevolge
reg. 3(1) geld nie. Indien dit die bedoeling was dat
die artikel op arrestasies ingevolge reg. 3(1) van toe-
passing moes wees, sou dit maklik so bepaal kon gewees het.
In hierdie verband kan daarop gelet word dat reg. 5(3)
artikels 27 en 29 van die Strafproseswet van 1977 met
betrekking tot die deursoeking of betreding van persele
en die deursoeking van persone deur 'n polisie-beampte
mutatis mutandis op enige visentering of betreding kragtens

reg./.....

reg. 5 deur 'n lid van 'n Mag van toepassing verklaar.

Daar is geen sodanige bepaling met betrekking tot art. 39

nie. In die omstandighede sou nie gesê kon word dat

'n arrestasie ingevolge reg. 3(1) ongeldig is vanweë die

nie-nakoming van die vereistes van art. 39(2) nie.

Ek meen nietemin dat bevind moet word dat dit in die geval

van 'n arrestasie ingevolge reg. 3(1) nodig is dat aan die

gearresteerde die rede vir sy arrestasie meegedeel moet

word. (Wat die rede moet behels, en op welke tydstip dit

meegedeel moet word, is vrae waarna hieronder verwys word.)

Ek meen dat so bevind moet word in die lig van wat die

posisie vandag in ons reg is m.b.t. arrestasies in

sowel siviele as strafverrigtinge, en op grond daarvan dat

aanvaar moet word dat die Staatspresident met die proklame-

ring/.....

ring van reg. 3(1) van hierdie posisie bewus was. Dit is in ieder geval ook kwalik denkbaar dat bedoel kon wees het dat iemand gearresteer sou kon word, en dus van sy vryheid beroof word, sonder dat aan hom aangedui word waarom hy in hegtenis geneem word. Arrestasies in siviele aangeleenthede (t.w. ad fundandam jurisdictionem en in die geval van 'n suspectus de fuga) het in ons reg nog altyd ingevolge 'n lasbrief geskied, en die gearresterde word dus altyd meegedeel, of kan by navraag uitvind, op welke grond hy gearresteer word. By arrestasies met die oog op strafregtelike vervolging is dit (soos hierbo aangetoon) nou al vir 70 jaar die posisie dat waar 'n arrestasie sonder lasbrief geskied, die gearresterde van die rede vir sy

arrestasie/.....

arrestasie verwittig moet word.

Wat betref die vraag hoe volledig iemand by 'n arrestasie ingevolge reg. 3(1) oor die rede vir sy arrestasie ingelig moet word, meen ek dat dit uit die aard van die saak nie moontlik is om één algemeen geldende antwoord te gee nie. Die vraag sal, net soos by arrestasies ingevolge die Strafproseswet, in die lig van die feite van elke saak beantwoord moet word. Daar is namens die appellante betoog dat die lid van 'n Mag wat iemand arresteer aan hom die "feitebasis" waarop hy ge-arresteer word, of, soos dit ook gestel is, "die

feite/.....

feite wat teen hom beweer word", moet meedeel. (Indien
 dit nie gedoen word nie, lui die betoog, weet die gearres-
 teerde nie waarom hy gearresteer word nie, en sy arrestasie
 sal dus ongeldig wees.) Indien ek die betoog reg verstaan,
 hou dit in dat die lid van 'n Mag wat iemand arresteer méér
 moet doen as wat art. 39(2) vereis van 'n vredesbeampte wat 'n
 arrestasie uitvoer. Indien dit die betoog is, vind ek dit
 onaanvaarbaar. Wat art. 39(2) betref, is dit in hierdie
 verband voldoende om na Brand v. Minister of Justice and
Another 1959(4) SA 712 (A) te verwys. Art. 26 van Wet
 56 van 1955 (hierbo aangehaal) het destyds gegeld.

Die/.....

Die beskuldigde in daardie saak is by sy arrestasie meegedeel dat hy weens "disturbance" gearresteer word, en daar is betoog dat die inligting wat deur dié mededeling aan hom verskaf is onvoldoende was om aan die vereistes van art. 26 te voldoen. Hierdie hof het (per Ogilvie Thompson AR) die betoog as "without substance" verwerp. en onder meer gesê dat die artikel net vereis dat die gearresteerde "should in substance be apprised of why his liberty is being restrained." Die betrokke passasie in die uitspraak van die geleerde regter, wat ook op ander aspekte van art. 26 (en nou ook art. 39 van die huidige Strafproseswet) betrekking het, lui soos volg (op 718 A-C):

"Decisions/.....

"Decisions exist to the effect that, if this section be not complied with, the arrest is unlawful (see Gardiner and Lansdown, 6th ed. vol 1 at p. 215 and R. v. Kistesamy 1947(4) SA 788 (N) at p. 792). It may be that such a result will not always follow if the circumstances be such that the arrested person - for instance, a thief who is caught red-handed - necessarily must know why he has been arrested (cf. Christie and Another v. Leachinsky, (H.L.) 1947(1) A.E.R. 567, and R. v. Ndara, 1955(4) SA 182 (A.D.) at p. 184). It is, however, not necessary, for the purposes of this appeal, to express any opinion on that question; for, upon the learned trial Judge's findings, second respondent did, when he arrested appellant, 'forthwith' inform him that he was arrested for 'disturbance'. The submission that this was insufficient information to constitute compliance with the section is without substance. Sec. 26 manifestly does not require the arrested person to be informed of the ipsissima verba of the charge which is later to be proffered against him. What is required is that the arrested person should in substance be apprised of why his liberty is being restrained."

Die/.....

Die aanklag teen die beskuldigde in Brand se saak was dat hy 'n bepaling van Johannesburg se verkeersverordeninge oortree het wat, soos in die uitspraak van die hof aangehaal, soos volg gelui het:

"No person shall disturb the public peace by making noises or by shouting, roaring, wrangling, quarreling or by riotous, violent or unseemly behaviour by day or night, in any public or private place, or premises or on any street."

Hieruit blyk dat die oortreding op meer as een manier en op meer as een soort plek gepleeg kon word, en dit is duidelik dat daar dus aan die beskuldigde by sy arrestasie bloot die kern, of aard, van sy gedrag wat die oortreding geskep het, meegedeel is - d.w.s. geen feite, of besonderhede, van die wyse, plek of tyd van die beweerde oortreding

nie/.....

nie.

Volgens die appellante is daar nie aan een van hulle 'n rede vir sy arrestasie gegee nie. Vier van hulle - Ngqumba, Damos, Fuzile en Jooste - gee toe dat daar aan hulle gesê is dat hulle ingevolge die noodregulasies gearresteer word, maar hulle betoog is dat dit bloot 'n mededeling van die gesag waarvolgens hulle gearresteer is, was en nie 'n mededeling van die rede waarom hulle gearresteer is nie. Volgens die beëdigde verklarings van die polisiemanne wat die appellante gearresteer het, is al die appellante meegedeel dat hulle ingevolge die noodregulasies gearresteer word en is daar ook aan elkeen gesê waarom hy gearresteer is. Soos ek hierbo gesê het,

moet/.....

moet hierdie feitegeskil tussen die partye benader word op die grondslag dat die respondente se bewerings juis is. Wanneer dit gedoen word, blyk dit dat daar aan elk van die appellante gesê is op grond van welke inligting wat daar oor hom tot die beskikking van die polisie was, hy gearresteer is. Daar is nie namens die appellante be- toog dat, selfs indien die polisie aan elk van hulle ge- sê het wat hulle (die polisie) beweer dat hulle gesê het, dit nogtans 'n onvoldoende mededeling van die rede vir hulle arrestasie was nie. Die appellante se saak was dat die polisie nie aan hulle gesê het wat hulle beweer dat hulle gesê het nie. Besonderhede van wat, volgens die respondente, aan die appellante m.b.t.

hulle/.....

hulle arrestasie gesê is, word hieronder weergegee,
wanneer ek ook sal aandui op welke tydstip die mededeling
volgens die polisie aan die verskillende appellante gedoen
is. Ek behandel eers kortliks die appellante se betoog
oor die vraag wanneer 'n gearresteerde die rede vir sy
arrestasie meegedeel moet word, en wat die gevolg is indien
die mededeling nie op die vereiste tyd geskied nie.

Wat betref die tyd wanneer 'n gearresteerde per-
soon van die rede vir sy arrestasie verwittig moet word,
is dit duidelik dat art. 39(2) van die Strafproseswet
van 1977, waarop die appellante steun, nie vereis dat dit
noodwendig gelyktydig met die arrestasie moet geskied nie.
Die subartikel bepaal naamlik dat die mededeling "ten tyde

van/.....

van die uitvoering van die inhegtenisneming of onmiddellik nadat die inhegtenisneming uitgevoer is", moet geskied.

Dit was ook die posisie met die voorgangers van art. 39(2), hoewel daarop gewys moet word dat waar art. 39(2) die woord "onmiddellik" gebruik, sy voorgangers (behalwe art.

33(2) van Wet 31 van 1917, wat ook die woord "onmiddellik" gebruik het) die woord "onverwyld" gebruik het, en dat waar die woord "immediately" in die Engelse teks van art.

39(2) as die ekwivalent van "onmiddellik" gebruik word,

al die vroeëre bepalings die woord "forthwith" gebruik

het. Dit is egter te betwyfel of die wetgewer met hier-

die veranderde woordgebruik in art. 39(2) 'n verandering

in betekenis wou teweeggebring het. Daar is al meermale

beslis dat die woord "forthwith" nie "onmiddellik", in sy

letterlike betekenis, beteken nie, maar "so gou prakties moontlik".

Kyk bv. R v. September 1959(4) SA 256 (K) op 258 D-259 A

en R v. West and Wild 1953(2) 675 (SR). In laasgenoemde

saak, waar dit gegaan het oor die betekenis van die woord

"forthwith" in 'n bepaling wat vereis het dat "the person

arrested shall be informed forthwith by the person arresting

of the cause of the arrest", het Beadle R beslis dat "in

the context in which the word is used in this sub-section

it means nothing more than 'as soon as reasonably possible

in the circumstances.'" (Kyk 677 H - 678 A.)

Die feit dat in art. 39(2) nie vereis word dat

die mededeling aan 'n gearresteerde persoon van die rede

vir sy arrestasie noodwendig gelyktydig met sy arrestasie

moet/.....

moet geskied nie, maar ook daarna kan plaasvind, hou in dat die mededeling van die rede vir 'n arrestasie nie as 'n deel van die arrestasie gesien kan word nie. Dit blyk ook uit wat deur hierdie hof gesê is in R v. Ndara 1955

(4) SA 182 (A), waar art. 32 bis van Wet 31 van 1917

(hierbo aangehaal) ter sprake was. Schreiner AR het o.m.

gesê (op 184 A-C):

"... the Crown is clearly right that the section only applies to what must be done after the arrest has been effected Assuming that the section is not merely directory, its non-observance may affect the lawfulness of the custody resulting from the arrest, but that is not in issue in this case."

Met betrekking tot die punt dat die mededeling aan 'n ge-

arresteerde/.....

arresteerde van die rede vir sy arrestasie nie deel van die arrestasie is nie, kan ook verwys word na R v. September supra, waar die hof (op 258 C-D) in verband met art. 26 van Wet 56 van 1955 (hierbo aangehaal) gesê het dat "the informing of an accused of the cause of the arrest is not an ingredient of the arrest itself", en na S v. Dladlha 1975(1) SA 762(T), waar die hof (per Botha R) met verwysing na gemelde art. 26 en R v. Ndara, supra, gesê het (op 764 C):

"Die arrestasie self was nie onregmatig nie, want art. 26 het betrekking op wat gedoen moet word nadat die inhegtenisneming bewerkstellig is."

Daar is namens die appellante betoog dat in die

geval/.....

geval van 'n arrestasie ingevolge reg. 3(1) die rede vir die arrestasie gelyktydig met die arrestasie aan die ge-arresteerde gegee moet word, of indien nie dan nie, dan so gou prakties moontlik daarna. Indien dit nie gedoen word nie, lui die betoog, is die arrestasie en die aanhouding wat daarop volg ongeldig. Daar is verder betoog dat, selfs volgens die respondente se verklarings, die appellante (of ten minste sommige van hulle) nie ten tyde van hulle arrestasie, of so gou doenlik daarna, die rede vir hulle arrestasie meegedeel is nie, en dat hulle arrestasie en aanhouding derhalwe ongeldig was.

Reg. 3(1) vereis na my mening nie dat die mededeling van die rede vir iemand se arrestasie noodwendig

gelyktydig/.....

gelyktydig met die arrestasie moet plaasvind nie. So 'n

vereiste sou strenger wees as wat in die geval van art. 39

(2) van die Strafproseswet gestel word, en dit is bowen-

dien na my mening onwaarskynlik dat die Staatspresident

so 'n bedoeling sou gehad het. Dit is redelik om te

aanvaar, meen ek, dat daar met die opstel van die regulasie

voorsien sou gewees het dat daar gedurende die noodtoe-

stand omstandighede sou kon ontstaan waarin dit onprak-

ties, of onmoontlik, of strydig met veiligheidsvereistes

sou kon wees om aan 'n gearresteerde die rede vir sy

arrestasie gelyktydig met sy arrestasie te gee. Ek

meen dat dit juis sou wees om te bevind dat, indien 'n

gearresteerde nie by sy arrestasie van die rede vir sy

arrestasie verwittig word nie, hy so gou doenlik daarna

daarvan/....

daarvan verwittig moet word. Hiermee bedoel ek nie dat die mededeling noodwendig moet geskied sodra dit fisies moontlik word om dit te doen nie. Die vraag wat doenlik is, sal van die omstandighede van elke besondere geval afhang. Dit is bv. denkbaar dat dit fisies moontlik sou wees om aan iemand die rede vir sy arrestasie te gee, maar dat dit weens veiligheidsoorwegings onraadsaam, of selfs gevaarlik, sou wees om dit te doen waar daar ander mense teenwoordig of binne hoorafstand is. Die laaste oomblik waarop so 'n mededeling gedoen word, meen ek verder, is wanneer die laaste handeling waarvoor daar in reg. 3(1) voorsiening gemaak word, geskied, d.w.s. die ondertekening van die bevel wat gelas dat die gearresteerde in 'n gevangeris aangehou moet word. In die onderhawige

sak/.....

saak het daar na my mening, soos sal blyk uit wat ek hier-
onder sê, nie in die geval van enige van die appellante so
n lang tyd tussen sy arrestasie en die tyd waarop hy van
die rede vir sy arrestasie verwittig is, verloop dat
gesê kan word dat die aanhouding wat
op sy arrestasie gevolg het, as gevolg daarvan ongeldig
geword het nie. (Vgl die tweede gedeelte van die hierbo
aangehaalde stelling van Schreiner AR in R v. Ndara, supra,
m.b.t. art. 32. bis van Wet 31 van 1917.)

Ek verwys vervolgens na wat daar in die stukke
gesê word oor die arrestasie van die appellante en die
mededeling aan hulle van die rede vir hulle arrestasie.
Ek het reeds hierbo gesê dat volgens die respondente al

die/.....

die appellante by hulle arrestasie meegedeel is dat hulle ingevolge die noodregulasies gearresteer word en dat vier van die appellante dit erken. Ek het ook reeds gesê dat al die appellante ontken dat daar ooit aan hulle gesê is waarom hulle gearresteer is. Wat hieronder in verband met die verskillende appellante volg, kom hoofsaaklik uit die stukke van die respondente.

Ngqumba:

Hy is ten tyde van sy arrestasie meegedeel waarom hy gearresteer word. Sers. C A Williams, wat Ngqumba gearresteer het, sê dat hy aan hom gesê het dat hy betroubare inligting gehad het dat hy (Ngqumba) van plan was om 'n nuusbrief "on behalf of radical organisations and persons" te publiseer.

Mhamhe:

Dit is gemene saak dat Mhamhe by die hek van 'n fabriek in King William's Town, waar hy met ander persone gestaan en gesels het, gearresteer is. Sers. J T Pieterse, wat Mhamhe gearresteer het, sê dat hy aan hom gesê het om met hom saam te kom en dat hy hom toe in sy motorvoertuig gesê het waarom hy hom gearresteer het, nl. "that he had organised secret meetings at which he had propagated the aims of the ANC in the presence of black youths. He was also in the process of organising a strike at Bundy Tubing".

Damons:

Damons is, volgens sy eie verklaring, gearresteer in die slaghuis van ene Swartz in King William's Town waar hy besig was om Swartz se vrou te help. Swartz, sê hy,

is/.....

is tevore ingevolge art. 50 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou. Sers. Pieterse, wat Damons gearresteer het, sê dat hy aan Damons buite die slaghuis, by sy polisiemotor, gesê het waarom hy hom gearresteer het, nl. dat hy (Pieterse) betroubare inligting gehad het dat hy (Damons) "had undertaken to distribute pamphlets and placards urging civil disobedience, commencing on the 16th June 1986 and for the period thereafter."

Fuzile:

Fuzile is in sy kantoor in King William's Town deur sers. Pieterse gearresteer. Pieterse sê dat hy Fuzile toe na die Veiligheidspolisie se kantore geneem het en dat hy hom daar meegedeel het waarom hy hom gearresteer het, nl. dat hy betroubare inligting gehad het dat hy

(Fuzile)/.....

(Fuzile) onderneem het "to publish a newsletter to propagate the views of radical persons and organisations in the Border area. Through this reporting and through publications such as the one proposed he also campaigned for and instigated civil disobedience."

Osteridge:

Osteridge verklaar dat hy besig was om met iemand te praat toe hy deur Nel en 'n ander polisieman (Stewart) nader geroep is na waar Nel by sy motorkar gestaan het. Nel sê dat hy Osteridge gearresteer het en meegedeel het dat hy hom kragtens die noodregulasies arresteer. Nel sê verder dat daar mense om sy motor saamgedrom het en dat daar ook ander mense in sy motor was. Hy het Osteridge

toe/.....

toe in sy motor na die plaaslike (King William's Town) polisiekantore geneem en daar het hy aan hom die rede vir sy arrestasie gegee, nl. "that he had undertaken to continue the freedom struggle in die absence of leaders that had already been detained and that he also campaigned for civil disobedience. I also told him that he personally threatened persons with the 'necklace' if they provided information to the police." Nel sê dat hy hierdie mededeling aan Osteridge "as soon as practicable" ná sy arrestasie gedoen het.

Jooste:

Jooste is by sy huis in King William's Town deur luit. P J Fouché gearresteer. Fouché sê dat hy Jooste

ná/.....

ná sy arrestasie in sy motor na die plaaslike polisie-
stasie geneem het en dat hy hom meegedeel het waarom hy
hom gearresteer het terwyl hulle in die motor was, nl.
dat hy volgens inligting tot die polisie se beskikking
"betrokke was by die reëling van plakkaatoptogte, her-
denkingsdienste en dat dit kan lei tot burgerlike ongehoor-
saamheid."

Die volgende blyk dus, kort gestel, m.b.t. die
tyd wanneer die appellante van die rede vir hulle arrestasie
verwittig is: Ngqumba is by sy arrestasie meegedeel
waarom hy gearresteer word, en aan Damons is daar enkele
oomblike ná sy arrestasie gesê waarom hy gearresteer is.
Mhamhe en Jooste is van die rede vir hulle arrestasie

verwittig/.....

verwittig terwyl hulle ná hulle arrestasie in 'n polisie-
motor op pad was na die polisiestasie. Fuzile en Osteridge
is ná hulle arrestasie by die polisiestasie meegedeel
waarom hulle gearresteer is. Soos ek reeds hierbo gesê
het, was die tydverloop tussen die oomblik waarop elk
van die appellante gearresteer is en die oomblik waarop
hy van die rede vir sy arrestasie verwittig is na my
mening nie so groot, of wesenlik, dat dit die geldigheid
van sy aanhouding ná sy arrestasie kan affekteer nie.
Indien 'n mens sou moet aanvaar - wat na my mening nie
gedoen kan word nie - dat Fuzile en Osteridge vroeër van
die rede vir hulle arrestasie verwittig kon gewees het
as wat gebeur het en dat dié versuim die geldigheid van
hulle aanhouding geaffekteer het, dan sou die geldigheid
daarvan/.....

daarvan na my mening herstel gewees het toe hulle, terwyl hulle nog steeds onder arres was, die rede vir hulle arrestasie en aanhouding meegedeel is.

Wat Fuzile en Osteridge betref, moet nog die volgende gesê word. Daar is betoog dat hulle volgens die stukke wat daar voor die hof a quo was eers ná die ondertekening van hulle aanhoudingsbevele van die rede vir hulle arrestasie verwittig is en dat hulle aanhouding om daardie rede ongeldig is. In die uitspraak van Kannemeyer R in die hof a quo word die volgende gesê i.v.m. die oomblik waarop die appellante van die rede vir hulle arrestasie verwittig is (op 470 G-H):

"It/.....

"It has not been suggested that the orders for detention in terms of reg. 3(1) were signed before the reasons for their arrest had been conveyed to them."

Die appellante se advokate sê dat dit 'n foutiewe stelling is aangesien hulle die hof glad nie oordie feite m.b.t. hierdie aangeleentheid toegesprek het nie. Die betoog is, soos reeds gesê, dat Fuzile en Osteridge eers ná die ondertekening van hulle aanhoudingsbevele meegedeel is waarom hulle gearresteer is. Ek aanvaar die stelling van die appellante se advokate, maar die gemelde betoog m.b.t. Fuzile en Osteridge is nietemin ongegrond. Ek het die stukke gelees en vind niks daarin wat enigsins toon dat die redes vir Fuzile en Osteridge se arrestasie eers ná die ondertekening van hulle aanhoudingsbevele

aan/.....

aan hulle gegee is nie.

In die lig van my bevinding hierbo dat aanvaar moet word dat aan elk van die appellante nie net gesê is dat hy ingevolge die noodregulasies gearresteer word nie, maar ook waarom hy gearresteer is, is dit nie nodig om in te gaan op die vraag of die mededeling aan 'n persoon dat hy ingevolge reg. 3(1) gearresteer word op sigself voldoende is of, afhangende van die omstandighede, kan wees om as 'n mededeling van die rede vir sy arrestasie te kan geld nie.

Grond van appèl (6):

Ek het hierbo aangedui dat toe die hof a quo

die/.....

die appellante se aansoek met koste afgewys het, hy per

incuriam nagelaat het om 'n kostebevel t.o.v. sekere

aangeleenthede ten gunste van die appellante te gee.

Die hof het in sy uitspraak oor die appellante se aansoek

om verlof om te appelleer aangedui hoe die bevel wat hy

aan die einde van die saak gegee het, aangevul behoort te

word, en die partye is tevrede daarmee. Daar is nie be-

toog dat die wysiging van die bevel, soos deur die hof

a quo voorgestel, 'n kostebevel deur hierdie hof ten gunste

van enige van die appellante regverdig nie.

Uit hoofde van al die voorgaande word soos

volg bevel:

(1)/.....

- (1) Al drie die appèlle word met koste afgewys,
insluitende die koste van twee advokate.
- (2) Die bevel van die hof a quo (soos weergegee op
482 G-H van die hofverslag) word gewysig deur
die volgende woorde daarby te voeg, nl:

"provided that the third respondent is
ordered to pay the costs occasioned by
the two affidavits of Joan Margaret
Huskisson, the two affidavits of James
Bloomberg and the affidavits of Frederick
Jacobus Le Roux and Lieut. Van Wyk as
also the qualifying expenses, if any,
of Joan Margaret Huskisson."

P J RABIE

WND HOOFREGTER.

JOUBERT	JA
VILJOEN	JA
HEFER	JA
VIVIER	JA

Stem saam